Untitled Document

Angie Kleijn

Statebybels wat in die Engelse Oorlog van  1899 tot 1902 deur Nieu-Seelandse troepe gebuit is, h

Daar is nog van dié Boerebybels wat vandag  terug gestuur kan word weens die navorsingswerk v



Lede van Nieu-Seeland se berede magte brand  'n plaas in 1901 af. Kyk na die dooie skape in die
*Bron: nzhistory.govt.nz*

In Oktober 1903 het die Nieu-Seelandse  'Manawatu Evening Standard' berig dat die pa van een v

Dié Bybel het Peter se testament en 'n lok  hare, wat met 'n blou lint vasgebind is, bevat asook 'n p

In 1911 het die predikant van Oamaru, JD  Russell, aan die Nieu-Seelandse minister van verdedigi



Die Nieu-Seelandse berede troepe in die  Engelse Oorlog in Suid-Afrika. Die foto is in 1900 genee
*Foto: Ref AWM P00413.007*

Witpoort

In 1928 het Patrick Joseph Mulhern van  Nieu-Seeland die regering se hulp gevra om die regmati

Dié opstal het aan die Janse van Vuurens  behoort en die Bybel is in 1930, ongeveer drie jaar ná M

Vandag wil Nigel Robson baie graag uitvind  of daar nog afstammelinge van dié familie is. Hy het 'n



'n Paar ruiters van die Sewende Nieu-Seeland Berede Magte met 'kos' wat hulle gebuit het. Dit lyk
*Bron: allaboutenfields.co.nz*

Oorleef

Die Janse van Vuurens se opstal is ongeveer 'n jaar ná die Slag van Witpoort (16 Julie 1900) afg

Generaal Louis Botha se magte het vanaf die Pienaarsrivierstasie in 'n halfmaan oos gestrek. Dié

In die nag van 15 Julie het generaal Ben Viljoen se kommando nader aan die oostelike Britse stell

Terloops, vandag is daar 'n monument in Nova Scotia, Kanada, wat die Slag van Witpoort herdenk



‘n Statebybel wat aan Tjaart de Wet behoort het
*Foto: A3aan Pinterest*

Afgebrand

Opstalle soos dié van die Janse van Vuurens is as deel van veldmaarskalk Kitchener se verskroe

Historikus, Nigel Robson van Wellington Nieu-Seeland, sê dat die meeste Nieu-Seelanders baie m



Die oorspronklike Wanganui-museum waar die  Bybel uitgestal is wat die geboortes van Anna Marg
*Foto: Whanganui Regional Museum*

Nigel se navorsing wys dat ‘n Bybel, wat  aan ‘n Fritz-familie behoort het, in 1901 in die Nieu-Seela




‘n Monument vir die Slag van Witpoort in Nova Scotia, Kanada
*Foto: Wikipedia*

Uitstal

‘n Familiebybel is deur soldaat George Powell in die huis van ‘n onbekende boere-magistraat in Arund

George het dié Bybel na Nieu-Seeland geneem waar dit in die Wanganui-museum uitgestal is. Pa

Nigel vertel dat die Wellington Peace and Humanity Society kort ná die oorlog in 1902 die spreekb

In 1903 het Nieu-Seelandse koerante berig dat Boerebybels reg oor Nieu-Seeland uitgestal, opgev



In 1903 het Richard Seddon, die eerste  minister van Nieu-Seeland, ‘n beroep op die gemeensk
*Foto: History Hit*



Die burgemeester van Christchurch City, Thomas Edward ‘Tommy’ Taylor, het in 1903 seker
*Foto: Radaris*
.

Statebybel

Vir die Boeregesinne was hulle Statebybels dikwels die enigste boek wat hulle Voortrekker-voorsate op die Groot Trek die binneland in saamgeneem het. Voor in dié Bybels is die familie se stamregister opgeteken en die verlies daarvan was onvervangbaar.

Die Statebybel, wat in 1637 verskyn het, is so genoem omdat die State-generaal, hoogste gesag in Nederland, ’n groot deel van die koste van die Bybelvertaling uit die oorspronklike tale gedra het. Daar is besluit dat dit in alle skole en kerke van die land gebruik sou word.

Tussen 1637 en 1651 het 300 000 eksemplare in Holland, wat toe ‘n bevolking van ongeveer 1,8 miljoen mense gehad het, verskyn. Pare wat gaan trou het, het ’n ‘Statenbijbel’ as

trougeskenk gekry en die Bybel was deel van die mense wat uit Holland na Suid-Afrika geïmmigreer het se geestelike besit.

Vandag is daar so min Statebybels steeds in familiebesit dat diegene wat wel hulle voorsate se Bybels het, ‘n hele storie daaroor kan vertel. In die afgelope jare het ***Die Bronberger*** oor twee sulke Bybels in ons kontrei berig – die Schoeman- en die Malan-familiebybel.



Boerekrygers met wapens en die kleiner Bybels wat op kommando saamgeneem is
*Foto: Matruh Pinkham Pinterest*

Schoeman

In Augustus 2018 het ons berig dat Rita Matthee van Rayton die Schoeman-familiebybel, wat kenners skat so 350 jaar oud is, in haar besit het. Dié is ‘n Bybel wat dwarsdeur die Groot Trek noordwaarts gekom het en wat die verskroeide aarde-beleid in die oorlog oorleef het.

Dié Bybel was in die 1870's reeds stokoud, want baie van sy bladsye, wat uitmekaar begin val het, is met koerante uit daardie era vasgeplak. Die gelap-en-stop vertel 'n verhaal van sy eie en wys dat die Bybel baie jare in die Pretoria-omgewing spandeer het.

Een van die bladsye is reggemaak met 'n koerant wat die datum Zaterdag 5 Junie 1875 dra. In die Bybel was ook 'n tere liefdesbrief, 'n raaiselagtige lok grys hare en 'n handgemaakte boekmerk van koerantpapier.



Rita Matthee van Rayto



Nog 'n uitbeelding van die Slag van Witpoort by die monument in Nova Scotia, Kanada

*Foto: Military Wikia*

Malan

In April 2016 het ons vertel dat Floors Steenkamp van Brandbach die Statebybel wat sy oupagrootjie, Gerhardus Teodorus Malan, aangeskaf het, in sy besit het. Dié oupagrootjie was een van die Voortrekker Daniël Malan, bekend as Daan Akkerboom, se kinders. Hy is Daan Akkerboom genoem oor die akkerbome wat hy in 1853 op die plaas geplant het.

Voor in die 'Bijbel' staan daar dat hy gedruk is "door last van de hoog-Mog. Heeren Staten-Generaal der Vereenigde Nederlanden en volgens het besluit van de Synode Nationaal gehouden te Dordrecht".

Volgens Nigel Robson is daar 'n sterk moontlikheid dat nog Boerebybels in Nieu-Seeland te vinde sal wees. Hy werk saam met die Erfenisstigting in Pretoria om Boerefamilies op te spoor wat familiebybels in die oorlog verloor het.

Stuur vir Nigel 'n e-pos: byzantine60@gmail.com of vir Estelle Pretorius by die Erfenisstigting: research@es.org.za. Skakel die Erfenisstigting by 012-325-7885 of 012-323-9050.



Wyle Floors Steenkamp van Brandbach met sy  oupagrootjie, Gerhardus Teodorus Malan, se S

.



Nigel Robson

*Foto: Verskaf*

.

.